## HOE OM ONS TE KONTAK

**HOOFKANTOOR:**

**Tel.:** (012) 341 9638 **Faks:** (012) 341 5938
**E-pos:** communication@pansalb.org

**Straatadres:**
5th floor, Provisus Building
523 Stanza Bopape Street, ARCADIA, 0007

**Posadres:**
Private Bag X08, ARCADIA, 0007

**PROVINSIALE KANTOOR**

**Oos-Kaap**
Tel: (043) 721 3357 Faks: (043) 721 1966

**Vrystaat**
Tel: (051) 448 2308/2300 Faks: (051) 448 3189

**Gauteng**
Tel: (012) 361 7117 Fax: (012) 361 6116

**KwaZulu-Natal**
Tel: (031) 304 5621/5631 Faks: (031) 304 5634

**Limpopo**
Tel: (015) 291 5888/5898 Faks: (015) 291 5898

**Mpumalanga**
Tel: (013) 656 0307 Faks: (013) 656 0361

**Noord-Kaap**
Tel: (053) 8320037/2293 Faks: (053) 832 1280

**Noordwes**
Tel: (018) 384 0120/0123 Faks: (018) 384 0122

**Wes-Kaap**
Tel: (021) 421 8506 Faks: (021) 425 2399

@PanSALB @PanSALB pansalb_za

PanSALB
PAN SOUTH AFRICAN LANGUAGE BOARD

# Inligtings
## Brosjure

**AFRIKAANS**



## Wie is PanSAT?

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) is 'n onafhanklike staatsorgaan wat slegs onderworpe is aan die Grondwet en die wetgewing ingevolge waarvan dié Raad in 1995 gestig is. Alle ander staatsorgane word aangespoor om met PanSAT saam te werk en nie in die uitvoering van ons mandaat in te meng nie.

Die eerste Raad is in 1997 gekonstitueer.

## Wat doen ons?

PanSAT is 'n kampvegter vir meertaligheid in Suid-Afrika deur die volgende te doen:

- Ons maak aanbevelings met betrekking tot enige wetgewing, praktyk of beleid wat op enige regeringsvlak met taalaangeleenthede handel.
- Ons maak aanbevelings aan alle staatsorgane op alle regeringsvlakke ten opsigte van die aanneem van maatreëls wat gerig is op die bevordering van meertaligheid.
- Ons bevorder daadwerklik 'n bewustheid van meertaligheid as 'n nasionale hulpbron.
- Ons bevorder daadwerklik die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde tale.
- Ons onderneem studies en navorsing om toestande te bevorder en te skep vir die ontwikkeling en gebruik van al die amptelike tale van Suid-Afrika, die Khoi-, Nama- en San-tale en Suid-Afrikaanse gebaretaal.
- Ons bevorder en verseker eerbied vir alle ander tale wat in die wandel deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word.
- Ons gee raad oor die köordinering van taalbeplanning in Suid-Afrika en bevorder samewerking met taalbeplanningsagentskappe buite Suid-Afrika.
- Ons vestig provinsiale taalkomitees en nasionale taalliggame om raad te gee oor enige taalaangeleentheid wat 'n provinsie of 'n spesifieke taal raak.
- Ons vestig nasionale leksikografie-eenhede wat as artikel 21-maatskappye bedryf word en ons wys fondse daaraan toe om hulle werksaamhede te verrig.

Ons streef daarna om ons pligte sonder vrees, partydigheid of vooroordeel te verrig.

## Hoekom bestaan ons?

Vanweë ons verlede en die wye reeks tale en kulture in ons reënboognasie, het die wetgewer PanSAT geskep om mense se taalregte te beskerm en nasionale ontwikkeling te bevorder.

Ons waak teen taaloorheersing deur toestande te skep vir die ontwikkeling en die gelyke gebruik van alle amptelike tale.

Ons wil verseker dat elke Suid-Afrikaner in die taal van sy of haar keuse sake doen, en ons bevorder die gebruik van die moedertaal, veral in grondfaseonderrig.

Ons kweek eerbied vir en moedig die gebruik aan van ander nie-inheemse tale in die land.

Ons moedig die beste gebruik aan van die land se taalhulpbronne om Suid-Afrikaners in staat te stel om vry te wees van alle vorme van taaldiskriminasie, -oorheersing en -verdeling.

Ons werk daaraan om elke Suid-Afrikaner in staat te stel om gepaste taalkeuses ter wille van sy of haar eie welstand uit te oefen.

## ONS VISIE, MISSIE EN WAARDES

## PanSAT-visie

"'n Nasie wat doelbewus handel met sy moedertale terwyl hy meertaligheid bevorder."

## PanSAT-missie

"Om taalprodukte en -dienste te verskaf wat lei tot die gelyke gebruik van alle Suid-Afrikaanse tale, ook die Khoi-, Nama- en San-tale en gebaretaal, met besondere nadruk op tale wat voorheen gemarginaliseer is. Dit word bereik deur taalregte te ontwikkel, te bewaar, te bevorder en te beskerm, en eerbied vir taal te bevorder."

## PanSAT-waardes

PanSAT se waardes rig sy interaksie met al sy belanghebbers. Die gekose waardes is in lyn gebring met die mandaat deur werknemers in staat te stel om passievol te wees oor die mandaat, met eerbied teenoor ander mense en tale op te tree, en om verantwoordbaar, deursigtig en toegewyd te wees terwyl die PanSAT-mandaat nagekom word. Die waardes word hieronder beskryf:

- Eerbied
- Verantwoordbaarheid
- Integriteit
- Deursigtigheid
- Toewyding
- Passie.

## Tersaaklike wetgewing

PanSAT is in 1995 ingevolge die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet No. 59 van 1995), ingestel.

Ingevolge hierdie Wet verkry PanSAT sy mandaat van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (artikels 65(a) en (b)), die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008) (artikel 21).